



Ons is daar vir jou! Jy hoef nie meer bang te wees nie...

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

As maatskaplike werker wat al vir meer as 20 jaar kinders se leed beleef, wonder ek altyd hoe ek die leëwêreld van kinderbeskerming met ander kan deel. Om net te vertel wat ons doen, skep nie 'n werklike prentjie van die seerkry en die “agterkant van die gordyn” nie. Toe ek genader is om hierdie artikel te skryf, moes ek dink wat ek wou sê, wat ek wou tuisbring by mense en wat dit is wat ek wil hê mense moet weet. Daarom vertel ek eerder twee stories van Rata: die storie van Jason* en die storie van Kobus* en Tiaan*.

'n Vrydagmiddag laat bel 'n moeder ons Rata-kantoor en sê dat haar seuntjie (ongeveer 6 jaar oud) vir haar te veel probleme gee en dat sy nie meer met hom kan *cope* nie. Sy het gehuil en voor die einde van die dag vir Jason in haar motor gelaai en na Rata se kantoor geneem. Sy het voor hom in ons ontvangslokaal gekniel, sy tas langs hom neergesit, hom gedruk terwyl sy huil, en gesê dat sy lief is vir hom. Daarna het sy omgedraai, in haar motor geklim en weggery... Wat sê 'n mens vir 'n verwese ou seuntjie wat sy ma se motor agterna staar en tot dusver nog geen woord gerep het nie? Selfs “geharde” maatskaplike werkers het nie altyd trooswoorde nie. Al wat 'n kollega van my kon doen terwyl twee ander van ons met knoppe in ons kele toekyk, was om te kniel, haar arms vir hom oop te gooi en hom teen haar vas te hou terwyl hy snik... Saam het ons aldrie daardie dag met Jason gehuil – en dit was ook nie die laaste keer nie...

Die storie van Kobus* en sy boetie Tiaan* stoot ook in my op: Ek kry een vroegmiddag 'n versoek van die nooddienste dat ek die ouer boetie (Kobus) moet kom beveilig. Sy jonger boetie (Tiaan) is met 'n skêr in die nek gesteek deur 'n dronk, aggressiewe vader en hulle is met hom op pad hospitaal toe. Kobus was vreesbevange om daar te bly, nadat sy pa gearresteer is. Sy moeder het ernstige psigiatriese probleme gehad en het gedreig om hom saam met haarself om die lewe te bring. Terwyl ek saam met Kobus op sy bed in sy kamer gesit het, het hy my hand met albei syne vasgegryp, en sy ma het my ander hand vasgedruk – my fokus was om haar so kalm moontlik te hou. Die SAPD was daar om te help as ek dit sou verlang. So het ongeveer 'n uur verbygegaan, waarna Kobus gesê het dat hy nou saam met my wil gaan. Die vrees in sy oë sal ek nooit vergeet nie. Toe sy ma dit hoor, het sy beheer verloor en my om my keel gegryp weens woede, en die twee SAPD-beamptes moes haar van my af verwyder. Sy is al skoppende en skreeuende saam met haar man in 'n vangwa gelaai. Op pad na 'n plek van veiligheid het Kobus agter op die motor se sitplek gelê – woordeloos, met trane wat stil oor sy wange geloop het. Tot vandag weet ek nie of dit hartseer, verligting of 'n kombinasie daarvan was nie...

Ek wens hierdie was verhale, stories wat ek opgemaak het. Maar dit is nie – dit is elke dag se realiteite waarmee maatskaplike werkers worstel. Dit is meer algemeen as wat mense bereid is om te erken. Kinders word seergemaak, mishandel, verwaarloos, sleggesê, en verlaat deur die mense wat veronderstel is om vir hulle die liefste te wees en vir hulle om te gee.

In hierdie stryd is die maatskaplike werkers van Rata besig om te veg vir die kinders se veiligheid, beskerming en geluk. Dis 'n moeilike stryd, want die geld en hulpbronne is min, maar dit is en bly die moeite werd. Al wat ons as maatskaplike werkers vra, is die vermoë om te kan voortgaan om vir elkeen van hierdie kinders te veg. Dit is so deel van ons missie en visie – om mense te lei van gebrokenheid tot heelheid!

Elkeen kan op sy of haar manier vir hierdie saak veg, deur 'n bydrae te maak tot die **spesiale deurkollerte van 6 Junie 2021 wat vir Kinderbeskerming geormerk** is. Dit loop ook saam met Nasionale Kinderbeskermingsweek, omdat hierdie kinders slegs een week per jaar kry om hul leed en behoeftes te kan uitbasuin, selfs al gebeur die slegte goed deurlopend. Jy kan ook 'n verskil maak!

*Skuilname

Dr Charmaine Fourie
Programbestuurder, Rata Maatskaplike Dienste

*** 30 Mei tot 6 Junie is Nasionale Kinderbeskermingsweek

Lief en leed

- Ds Japie Coetzee (emeritus) se skoonmoeder, **mev Alta Loots** (90), is Woensdagaand 26 Mei oorlede. Sy sou Dinsdag 1 Junie 91 jaar oud gewees het. Haar man is lank gelede oorlede en die drie kinders kon nog almal betyds by haar wees om haar te groet. Ons innige simpatie gaan aan mev Yvonne Coetzee en hul familie.



Ds Japie Coetzee

- Op Dinsdagoggend 1 Junie het **mev Yvonne Coetzee** laat weet dat sy **en ds Japie** baie siek is met Covid-19. Hy is later die dag in Milpark-hospitaal met asemnood opgeneem. Ons bid hulle spoedige en algehele beterskap toe.

- **Ds HT (Hennie) van der Linde** van Vliegepoort is al 'n paar dae in Thabazimbi-hospitaal met Covid-19. Hoewel hy longontsteking het, gaan dit redelik goed met hom. Ons bid hom volkome herstel toe. Intussen vra sy gemeente voorbedding, ook omdat van hul lidmate reeds oorlede is weens die siekte, en heelwat positief getoets het.



Ds Hennie van der Linde

- **Ds GS (Stephan) Botha** van Groot Marico het Covid-19 en is reeds sedert 25 Mei siek. Hy is Woensdagoggend 2 Junie in Peglerae-hospitaal opgeneem met longontsteking. Ons bid hom spoedige beterskap en algehele herstel toe.

- **Ds Maritza Oosthuizen**, wat gedurende Maart vanjaar losgemaak is van Belfast en Waterval Boven, en nou beroepafwagting is, is saam met haar seuntjie met Covid-19 gediagnoseer. Ons bid hulle spoedige herstel toe.

- **Ds Yolande de Lange se man, Morné, en haar moeder** is vir die tweede keer siek met Covid-19. Ons bid hulle algehele herstel toe.

- **Die volgende predikante verjaar tot 11 Junie 2021, en word hartlik geluk gewens:**

- Vrydag 4 Junie: Di TF (Thomas) Joubert (63) (Swellendam) en CAA (Tiaan) Loedolff (35) (Vaalwater)
- Saterdag 5 Junie: Dr JGM (Hans) Dreyer (76) (emeritus) en ds GF (Frikkie) van Wyk (56) (Montana-Oos)
- Sondag 6 Junie: Prof APB (Andries) Breytenbach (77) (emeritus/Vanderkloof), di HJ (Herman) Jansen van Rensburg (74) (emeritus) en PS (Petrus) Dreyer (36) (Seestergemeente Brackenhurst)
- Maandag 7 Junie: Di LJJ (Leon) Nell (81) (emeritus) en JA (Johnny) Young (47) (Rustenburg-Tuine)
- Dinsdag 8 Junie: Di WJM (Willem) Breytenbach (61) (Hazyview/Sabie/Witrivier) en RC (Marina) Kok (26) (Potchefstroom)
- Woensdag 9 Junie: Ds JJ (Kotie) Mc Donald (63) (Turffontein)



Ds Stephan Botha



Ds Maritza Oosthuizen

Gemeentes en bediening

- **Ds MCE (Eksteen) Botes** (emeritus) het die beroep na Gobabis (deeltyds) aanvaar. Hy word op Sondag 20 Junie daar bevestig.

- **Dr GMJ (Gafie) van Wyk** van Gemeente Kaapstad se e-posadres het verander. Gebruik asseblief voortaan gafie@nhk.co.za vir alle korrespondensie; die adres gmjvanwyk@telkomsa.net is uit gebruik gestel.

- Die **Pretoriase Middestadsbediening PEN** bedryf 'n **herwinningsprojek** waarby sowat 25 gemeentes reeds betrokke is en waardeur papier, karton, plastiek, glas en blikkies herwin word. Hulle wil graag met meer Pretoriase gemeentes hande vat. Hulle kan 'n gemeente help om 'n netjiese herwinningstasie op die kerkterrein te vestig, en hulle kom haal dan op 'n gereelde basis die herwinbare afval. Dit is vir 'n gemeente 'n manier om by lidmate 'n omgewingsbewustheid te kweek en om te sorg vir die aarde. By sommige gemeentes het dit ook 'n kontakpunt met die breër gemeenskap geword omdat nie-lidmate ook hul



Ds Eksteen Botes

herwinbare afval daarheen bring. Verder verskaf die projek reeds 'n inkomste aan meer as 200 arm mense wat herwinbare afval versamel. Enige gemeente wat belangstel om hierby in te skakel of wat bloot meer inligting wil hê, kan **ds Fouché de Wet skakel by 073 234 0156**.

- 'n Lidmaat van **Gemeente Vliegepoort in Thabazimbi** bou tans 'n kerkie op hul plaas. Hulle benodig die volgende vir ongeveer 50 persone: ou kerkbanke, 'n klok en 'n podium. Kontak mev Juline Mulder by nhkvliege@lantic.net / 082 251 0206 / 063 930 3696 indien u kan help.
- **Gemeente Wonderboom-Suid** (gestig 21 Junie 1970, kerk gebou 1974) beoog om met onder andere 'n gedenkbundel die gemeente se 50 plus bestaansjare te gedenk. As u oor ou foto's beskik, soos troufoto's in en by die kerkgebou, begrafnisfoto's, doopfoto's, katkisasie, kerkraad, NHSV, ensovoorts, skandeer dit en stuur dit asseblief aan ds C Johann de Bruin by cjdb@boomaap.co.za of skenk dit aan die gemeente vir uitstalling. Oudlidmate word ook genooi om staaltjies neer te skryf of op te neem en te stuur, selfs stemboodskappe, na 082 733 3951. Interessantheide oor die bou van die pastorie en kerk, basaars, eredienste, dominees en so meer is baie welkom. Ons sien uit na u bydraes!
- **Vakante werkrumte**. Aansoeke word ingewag van 'n gelegitimeerde predikant, verkieslik in die ouderdomsgroep 30-40 jaar, vir **Gemeente Ermelo** wat op 31 Augustus 2021 vakant raak.

Gemeenteprofiel: Die gemeente bestaan sedert 1909 en is een van twee NHKA-gemeentes in Ermelo. Die sieletal is tans ongeveer 312. Die ouderdomsprofiel is redelik verspreid, met 'n groot aantal lidmate in die ouderdomsgroep 35-60. Die gemeente beskik oor 'n doelmatige kompleks bestaande uit 'n kerkgebou, saal en kombuis, asook kategeselokale. Die gemeente beskik ook oor 'n ruim pastorie.

Leraarprofiel: Die geskikte kandidaat se lewe moet getuig van 'n passiewolle verhouding met God. Liturgies deurdenkte, goed voorbereide, Geesvervulde eredienste is vir die gemeente ononderhandelbaar. Die gemeente kan van aansoekers verwag om 'n erediens in die gemeente waar te neem gedurende die tyd van vakantskap.

Posbeskrywing: Dit is 'n voltydse standplaas wat van die predikant alles verwag soos in die Kerkorde omskryf. Vergoeding, reiskoste, verlof, mediese fonds en pensioen sal volgens die skale en Kerkorde van die Kerk bereken en hanteer word met inagneming van die aantal jare diens. Dit kan insluit gratis inwoning in die pastorie en munisipale koste, of dalk 'n subsidie vir eie behuising. Diensaanvaarding is so gou moontlik nadat die standplaas vakant geraak het.

Aansoeke sluit op 30 Junie 2021. Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van minstens twee referente insluit. Dit moet gestuur word aan die Adminbeampte, ermelo@nhk.co.za of rouxandry@gmail.com. Die Kerkraad behou die reg – indien so besluit – om nie een van die aansoekers te beroep nie.

- **Vakante werkrumte vir die samewerkende kerke in Harare.** Die NHKA en die NGK in Harare funksioneer sedert 2019 as een gemeente. Dit is 'n tipies stedelike gemeente en bestaan hoofsaaklik uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die **vastetermynpos vir drie jaar** kan met wedersydse instemming verleng word. Aansoeke word ingewag van 'n **tweetalige predikant** wat gelegitimeer is in die Hervormde Kerk of die NG Kerk (eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels gelei). Aangesien die skoolopleiding in Zimbabwe geweldig duur is, moet predikante verkieslik nie skoolgaande afhanklikes hê nie.

Die **vergoedingspakket** beloop 'n leefbare inkomste in Zimbabwe, plus gratis verblyf in 'n gemeubeleerde pastorie (insluitende sekuriteit, telefoon, data, water, ligte en 'n bediende) en gratis gebruik van 'n gemeentevoertuig.

Aansoek moet vergesel wees van 'n verkorte CV met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en moet gestuur word aan njssteenekamp@gmail.com. Vir meer inligting, kontak die konsulent van die Hervormde Kerk, ds Nicolaas Steenekamp, by 073 279 3315 (RSA); of NHKA oudl Rinus Grau by +263 71 261 1536; of NGK oudl Deon Theron by +263 77 224 6233.

Beplande vergaderings

- Donderdag 3 Junie Kommissie van die AKV
- Vrydag 4 Junie Kommissie van die AKV

Bybelgenootskap

Bybelstap en deurkollekes

Die Here het my 'n belangrike opdrag gegee, en my God gee my die krag om dit te doen (Jes 49: 5). Hierdie woorde van die profeet Jesaja herinner ons aan ons opdrag sowel as aan God se voorsienigheid. Gemeentes se bydraes is een van die belangrikste maniere waarop die Here aan ons voorsien sodat ons by die Bybelgenootskap ons opdrag kan uitvoer. Daarom het ons die vrymoedigheid om u net weer te herinner aan u bydraes vir die jaar.

Ons besef egter dat dit met groot uitdagings en harde werk gepaard gaan. Daarom wil ons graag aan die hand doen dat gemeentes van die volgende geleentheid gebruik maak om die bydraes in te samel:

1. Stap/Draf/Fietsry vir Hoop – 21/22 Augustus 2021

Gemeentes kan 'n groepinskrywing maak vir hierdie virtuele geleentheid en dan sommer die Saterdag of Sondag by die kerk stap. Enige inskrywing van tien of meer deelnemers geld as 'n groepinskrywing. Dit werk so:

- Maak 'n beraming van hoeveel lede van die gemeente gaan deelneem.
- Stuur 'n e-pos na info@modernathlete.co.za met 'n versoek vir 'n groepinskrywing met die naam van u gemeente en die aantal deelnemers.
- Ons sal 'n betalingsversoek stuur wat die gemeente dan namens almal betaal. Die inskrywingsgeld is **R100 per persoon**. Hierdie sal gereken word as 'n bydrae van die gemeente tot die Bybelgenootskap.
- Sodra die betaling gemaak is, stuur ons 'n kodebewys aan die gemeente, wat die deelnemers dan kan gebruik om te registreer op die platform sonder om te betaal: <https://www.modernathlete.co.za/event/virtual-run-cycle-for-hope/>

Die gemeente met die hoogste persentasie inskrywings per lidmaattal sowel as die gemeente wat die oorspronklikste tema uitbeeld met hul stap (bv die tog deur die woestyn / die Emmausgangers, ens), ontvang elkeen 'n spesiale uitgawe van die grootdruk Bybel 2020-vertaling wat as Kanselbybel gebruik kan word. Indien daar meer deelnemers opdaag as wat ingeskryf is, kan die gemeente die ekstra inkomste vir hul eie fondse gebruik. Ons sal graag gemeentes se geleentheid op sosiale media wil deel en so 'n boodskap van hoop uitdra. Stuur dus asseblief vir ons u foto's en video's.

2. Spesiale deurkollekte op Sondag 22 Augustus 2021

Soos aanbeveel deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, vind die jaarlikse deurkollekte vir die Bybelgenootskap van Suid-Afrika vanjaar plaas op **Sondag 22 Augustus**. Dit staan bekend as Bybelsondag. Die rede waarom dit vervroeg is, is omdat Hervormingsondag (31 Oktober) te naby aan die einde van die Bybelgenootskap se finansiële jaar is en die bydraes dan nie betyds inbetaal kan word nie. Gemeentes word dus versoek om die deurkollekte van Sondag 22 Augustus so gou moontlik daarna aan die Bybelgenootskap oor te betaal.

Baie dankie vir u positiewe gesindheid en ondersteuning. Dit bly vir ons 'n groot voorreg om namens ons Kerk by die Bybelgenootskap te werk. (Dr Gerhard Lindeque en dr Sanrie de Beer)

'n Gedig

Wolkstaar

Op die naat van ons rûe het ons op somersdae
uitgestrek op 'n grasperk wolke dopgehou,
ons verwonder aan hoe vinnig die lug verander
hoe 'n wolk wat lyk na uitrafel uit die blou
niet skielik momentum kry en uit begin te bol:
'n skip met wind vol in die seile. Sou verbeelding
oorhand kry, soveel meer as hasie of 'n hond,
eerder leviatan dan, goddelike speelding
met trekke van 'n krokodil, 'n bek wat Job sê
rook blaas – daarvan het ons min gesien – of
ook 'n voller behemot met rondings soos
'n seekoei, 'n olifant selfs wat wit uitpof,
slurp en al. Jare later staar ek steeds die lug in,
ruggelings hande onder die kop, bene gesprei
pen, papier vergete, soos Bruegel se bleek
sekretaris in sy *Luilekkerland*-skildery. Gly
die son agter 'n wolk in, wil ek my verbeel
dit is 'n skadupoot, boorling van Ethiopië glo,
wat self onder sy enkele voet, soos 'n parasol,
skuiling vind; kry 'n chimera mitologies bó
die horison wat kurf gestalte in die voorlyf
van 'n leeu, stert kwispelend die kop van 'n slang
en tussenin 'n bok met vuur in die buik; blý
Wolkekoekoeland vertroostend oor my hang.

Johan Myburg

(LitNet-nuusbrief 824, 06/11/2020)

Barmhartigheid

- **30 Mei tot 6 Junie is Nasionale Kinderbeskermingsweek.** Verskeie kantore loods gedurende hierdie week veldtogte om skoolgaande kinders bewus te maak van boeliegedrag; hoe om dit raak te sien, te hanteer en te voorkom. Die regte van kinders word benadruk en sommige Rata-kantore sal skole en gemeenskappe bewus maak van die regte van kinders en hoe en waar om enige oortredings teenoor kinders aan te meld. Rata se dienste, as Kinderbeskermingsorganisasie, word in die areas van 15 kantore bemark.
- **Van gebrokenheid na heelheid.** Rata tree daagliks toe tot die stryd om honderde mishandelde, stukkende en verwaarloosde kinders te beskerm teen alle vorme van geweld deur in die hof namens hulle te baklei vir hul veiligheid. Staatssubsidies is nie voldoende vir Rata se werksaamhede nie – die tekorte moet aangevul word vanuit ander bronne, soos die **vrywillige deurkollekte van Sondag 6 Junie 2021**. Rata lewer jaarliks dienste aan ongeveer 33 000 persone, en jou bydrae kan help om in elkeen van hierdie kinders se lewens 'n verskil te maak. Hoop vir 'n kind kom deur jou bydrae. Daar's geen groter dankbaarheid nie as 'n kind se dankbaarheid. Rata beteken nie net liefde nie, Rata lééf liefde!
- **15 Mei tot 15 Junie is Bejaardesorgmaand: *Tooi Turkoois vir Bejaardes*.** Alle gemeentes word vriendelik versoek om hul bes te doen om hierdie maand spesifiek aan bejaardes en hul aktiwiteite te wy. Navrae: Ds Lilian Erasmus, voorsitter: Ondersteuning van Bejaardes, 083 255 2082.
- **Covid-inspuiting. Prof Biëks Beukes** (emeritus) laat weet soos volg: "Covid is 'n dreigende gevaar vir ons almal. Ons glo die Here hou oor ons almal die wag. Ons as gelowiges het egter ook die Goddelike verantwoordelikheid om ter wille van onself en almal rondom ons,



Rata
MAATSKAPLIKE DIENSTE



alles wat moontlik is te doen, ter beveiliging. Seker die belangrikste in hierdie stadium is om ingeënt te word. Ek en my vrou. Monica, albei bykans 80, is Vrydag 28 Mei by die Sammy Marks-sentrum in Pretoria deur die staat se dienswerkers ingeënt. Alles was skoon en die dienste was uiters professioneel, empaties, in alle opsigte 100%.”

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
Een enkelwoning te koop teen R510 000
Een eenslaapkamerwoning te koop teen R515 000
Een 1½-slaapkamerwoning te koop teen R520 000
Een tweeslaapkamerwoning te koop teen R560 000
Een tweeslaapkamerwoning te huur teen R6 500 per maand
Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544
Seniordalpta@gmail.com



Fondsinsamelings

- **Gholfdag ten bate van Kinderbeskerming.** Rata se missie is om positiewe verandering mee te bring in individue, families en gemeenskappe deur die lewering van professionele en maatskaplike dienste. Vir kinders in nood, bied ons beskerming teen mishandeling, verwaarlosing en molestering. Ons stap die pad saam met hulle deur die trauma na heelwording. Rata Maatskaplike dienste se **jaarlikse gholfdag** maak 'n belangrike bydrae tot ons Kinderbeskermingsdienste. Ons nooi u uit om in te skryf en **24 Augustus** saam met ons te kom geniet by **Silver Lakes, Pretoria**. Ons nooi gemeentes uit om hul gholfentoesiaste aan te spoor om spanne vir die gemeente of hul besighede in te skryf. WhatsApp GHOLF na 064 437 5997 en ons sal die nodige inligting deurstuur. Annelie Flanagan kan ook gekontak word vir navrae, by info@rata.org.za.
- **Gemeente Oos-Londen: Word 'n affiliaal van Nguni Gifts**
Verdien 2- tot 7%-kommissie
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings
Stuur 'n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit
larry@nguni-gifts.co.za
WhatsApp 072 020 8911

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Die koste vir advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

Gebed vir ons kinders se veiligheid

Heer, hou ons kinders asseblief veilig vandag.
Ek vra dat U hulle sal beskerm teen enige gevaar
of kwaadwilligheid wat op die loer is
om hulle onverhoeds te oorval.

Ek vra U om hulle toe te vou in u sorg
en hulle te laat skuil
in die geborgenheid van u kragtige teenwoordigheid.

Ek bid dat U hul kom en gaan sal beskerm,
en dat U hulle daaraan sal herinner
dat U altyd by hulle is.

Maak hulle waaksaam, gee hulle geestelike onderskeidingsvermoë,
en die wysheid om versoekings te vermy en die beste keuses te maak.

Ek dank U, Here God, dat U voor hulle uit loop,
dat U langs hulle loop,
en dat U agter hulle ook loop.

So kan ek seker wees dat U altyd vir hulle die weg aanwys,
dat U deurentyd aan hul sy is,
en dat U terselfdertyd ook hul agterhoede vorm.

Amen.

Engelse weergawe: Debbie McDaniel
(Vertaal deur Tessa Oppermann)

<https://www.crosswalk.com/faith/prayer/powerful-prayers-for-children.html>

